# DIE SWART LUIPERD

NO 37
## DIE GORILLAS KOM



braam le roux

Die Luiperdman aarsel geen oomblik nie maar trek op die hiënas los. Toe die eerste vuurstraal by die vuurwapen se bek uitskiet, vlieg die vegters soos een man om en hardloop by die grot uit. Die Luiperdman mik na die vierde hiëna en trek af maar 'n sagte ‚klik' laat hom besef dat die vuurwapen leeg is.

Hy skraap die geweer uit die wag se hande en toe die hiëna reeds na hom spring, trek hy die skoot af. Dit is 'n doodskoot maar die dier se sprong is so geweldig dat hy die Luiperdman, wat al die tyd op sy een been gestaan het, skoon van sy balans af ruk sodat hy half onder die dooie dier in val.

Voordat hy hom kan loswurm en orent kom, kom die gorillamannetjie uit die altaarkamer aangestorm en soos een man sak hulle op die Luiperdman toe. Net een maak van sy assegaai gebruik. Hy deurboor die wag met een geweldige steek sodat sy leweloos en slap op die wapen bly hang.

Stofomslag: Chris du Plooy


# DIE SWART LUIPERD

NO 37

## DIE GORILLAS KOM

85 Sent

A.V.B. uitgesluit



braam le roux

INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Stat van die Dood | 3 |
| 2. | Die Bloeddorstige Priester | 17 |
| 3. | Die Gewonde Maanhaar | 32 |
| 4. | Wit Gorillas | 49 |
| 5. | Soos Twee Rotte | 64 |
| 6. | Oorrompel | 74 |
| 7. | Die Krater Uit | 87 |


## Hoofstuk 1

## STAT VAN DIE DOOD

Die klein sendingstasietjie L'Bongu aan die boloop van die Wamirivier, een van die duisternis sytakke van die magtige Kongo, lê vredig en rustig in die helder strale van die tropiese maan. Omsoom deur die ewig groen, ewig geheimsinnige oerwoud wat maar gedurig dreig om hierdie voorpossie van die beskawing te verswelg, vertoon L'Bongu nietig, klein en weerloos te midde van die magtige oernatuur wat hom omsingel.

'n Enkele streep lamplig skyn deur een van die voorste vensters van die eenvoudige, witgekalkte huis van die sendeling, dr. Albert Gille. Die vensters is oop maar 'n gaasdraadbeskutting binne keer die reuse-motte en vlieënde kewers weg van die gryshoofdige sendeling wat binne by 'n tafel sit, besig om sy dagboek tot op datum te bring.

Oorkant hom, besig om die jongste leesstof uit Europa deur te blaai, sit sy vrou Marie, en langs haar op 'n riempiematstoel hul enigste dogter Tonette, wat haar jaarlikse besoek uit Brussel aan haar ouers aflê.

Tonette wat haar moeder so onderlangs dophou, merk dat Marie kort-kort vinnig van haar boek af opkyk kompleet asof sy na iets luister. Elke keer as sy opkyk, werp sy tersluiks 'n blik na haar man maar die rustige wyse waarop hy sit en skryf, skyn haar gerus te stel sodat sy maar weer haar kop na die boek se kant toe laat sak.

Toe sy egter skielik haar boek toeklap, vra Tonette:

"Moeder, wat skort? Moeder lyk rusteloos. Kom ons gaan bietjie buite op die stoep sit. Dis so heerlik rustig ...."

"Te rustig," val die ouer vrou haar byna skerp in die rede.

"Wat makeer?" dr. Gille kyk half verbaas op na sy vrou toe hy die klank in haar anders so sagte stem hoor.

"Albert, ek voel onrustig ... senuweeagtig. Moenie vir my vra hoekom nie. Dis dalk maar net," en sy glimlag skielik effens verleë, "omdat daardie kaptein Bobombo vanoggend hier weer met sy stories oor die gorillamanne en hul reuse-hiënas aangesit gekom het."

"Ag Marie, hoeveel keer moet ek jou sê om jou tog nie aan al die wolhaarstories van die wildes te steur nie."

"Wie en wat is die gorillamanne?" vra Tonette vinnig.

"My kind," en Albert stoot sy dagboek agteruit terwyl hy sy

vulpen stadig tussen sy vingers al in die rondte draai, "Volgens oorlewering ...."

"Maar Albert, hoe kan jy praat van oorlewering?" val sy vrou hom in die rede. "Jy het tog self al verskeie naturelle hier gedokter wat met af ore hier aangekom het - die meeste lede van Bobombo se stam, en een en almal sweer dat hulle onder die gevreesde gorillamanne deurgeloop het. Dis afgesien nog daarvan dat Bobombo jou self al die tamaai spore van die yslike hiënas wat feitlik die gorillas se honde is, naby sy stat getoon het. As ..."

"Marie het een enkele naturel al vir jou of vir my 'n duidelike beskrywing kon geen van die kamtige gorillamanne? Het één al met 'n enkele dooie gorillaman opgedaag? Ek vra jou ..."

"Nee," gee Marie toe, "maar jy weet self dat die gevangenes van die gorillamanne wat daarin slaag om slegs met verlies van hul ore weg te kom, so vreesbevange is dat hulle geen duidelik beskrywing van daardie wilde, primitiewe stam kan gee nie."

"Verbeel jou," en haar eggenoot wend hom tot sy dogter, "hierdie gorillamanne sou so bevriend met hiënas wees dat daardie sluwe roofdiere hulle soos honde gehoorsaam, ja selfs - so vertel die barbare, hoor, nie ek nie - gebruik hulle die hiënas wanneer hulle op rooftogte uitgaan. Geen blanke het nog ooit hierdie kamtige woeste stam gesien nie hoewel ek moet toegee dat hul tuiste - 'n afgeslote krater in die Misberge, sowat 15 myl hiervandaan en in die hartjie van die ondeurdringbaarste deel van die oerwoud, feitlik onbereikbaar is. Maar dis nie al nie," gaan dr. Gille voort. "Die stories rakende hierdie stam word met die jare steeds ongeloofliker. In die afgelope paar maande weet die naturelle te vertel dat daar vuurwapens in die krater is - vir my 'n klinkklare bewys van die loutere onsin van die hele storie. Want enertyds weet Bobobo en sy mense te beduie dat die gorillamanne feitlik op dieselfde peil as hul naamgenote, die werklike gorillas, leef en andersyds praat hulle van vuurwapens in die krater. Nou, hoe rym 'n mens dit? Vuurwapens in die hande van 'n gorillaman, is omtrent net so ongerymd soos 'n vliegtuig in die pote van 'n krokodil."

"Hoor hoe gaan die honde te kere," roep sy vrou skrikbevange tussen in en spring op. "Albert, ek sê jou daar is onraad iewers. Ek voel dit aan my, my man."

"Kom, kom," paai Albert en staan op. "Ek sal uitstap en ..." maar verder kom hy nie. 'n Tamaai assegaai, geheel en al van yster





gemaak en byna twee keer so lank as die gewone assegaai, kom deur die gaasvenster geseil en tref dr. Gille vol in die bors sodat die venynige lem agter sy blaaie uitsteek.

Sonder 'n geluid vou die sendeling inmekaar op die tiervelmat op die vloer.

Voordat een van die twee vroue nog 'n woord kon uitkry of selfs 'n tree in die dooie se rigting kon gee, vlieg die deur oop en 'n drietal tamaai, gitswart barbare kom daar ingestorm. Tegelyk spring twee ander deur die gaasvenster asof dit glad nie bestaan het nie.

"Gorillamanne," is al wat Marie hees kon uitroep voordat sy bewusteloos op die grond neerslaan.

Tonette kyk vir 'n sekonde of wat asof versteen na die indringers. Asof in 'n nagmerrie sien sy die reuse-gestaltes in 'n klein halfmaantjie voor haar staan - die harige lywe, die lang gespierde arms wat tot byna by die knieë van hul kort bakbene reik, en die groot plat voete met die breë weglêtone. Sy sien die klein flitsende ogies van onder ruie oorhangende wenkbroue, die lang donker hare wat amper tot by die oogbanke groei en die groot breë mond, half-oop sodat sterk spierwit tande tussen dik omkrullippe wys.

Sy knip-knip 'n oomblik haar oë asof sy nie kan wakker word nie, maar toe een skielik geluidloos soos 'n kat na haar spring, vlieg sy om en hardloop by die deur agter haar uit na haar slaapkamer waar haar klein pistooltjie op haar bedtafel lê.

Sy hoor niemand agter haar aankom nie, maar 'n skel skerp fluit weerklink vanuit die sitkamer op toe sy haar kamer haal en op haar pistool afpeil.

Dis donker in die kamer, maar 'n streep maanlig val dof oor haar bed en sy gryp die pistool waar dit glinsterend in die maanlig lê en tol op haar hakke om, vasbeslote om haar tot in die laaste te versit, teen hierdie weersinwekkende moordenaars.

Instede van gorillamanne storm 'n tweetal yslike hiënas die kamer in en peil op haar af. Voordat sy 'n skoot kan aftrek, spring 'n derde hiëna agter haar by die venster in, vang haar soos 'n hond aan die mou van haar rok en ruk haar onderstebo.

Die pistool kletter uit haar hand op die vloer en voordat sy kan roer, sit een hiëna sy tamaai voorpote op haar bors en trek sy bolip met 'n lelike keelgrom terug oor sy geel slagtande.

'n Gorillaman kom met 'n lang grastou in sy hand die kamer

binne en terwyl hy grommend 'n kort-af bevel gee buk hy langs Tonette, vang haar in 'n ystergreep vas en binne 'n kits is sy magteloos met die tou vasgewoel soos 'n vlieg in 'n spinnerak.

Terwyl hy haar soos 'n klein babatjie met sy een harige hand optel en opstaan, grom hy weer vir die hiënas wat gedweë agter hom inval.

Toe hulle die sitkamer haal, sien Tonette dat haar moeder wat nog bewusteloos is, net so vasgewoel is soos sy. 'n Ander gorillaman slinger haar soos 'n stuk wildsvleis oor sy skouer en sonder 'n enkele verdere blik na die dooie sendeling verdwyn hulle geluidloos soos groteske skaduwees by die deur uit met die hiënas op hul hakke.

Tonette begin skreeu en gil dat die woud weerklink, maar asof hulle stokdoof is, beweeg die gorillamanne met haar en haar moeder teen 'n ongelooflike snelheid na die donker oerwoud daar voor. Ondanks hulle reuse-gestalte en masiewe liggame kraak daar nie 'n stokkie, en ritsel geen blaartjie onder hul voet nie. Dit kon net sowel besoekers uit 'n doderyk wees, so geheimsinnig-stil het hulle saam met hul hiënahonde gekom en gegaan.

Binne enkele tellings het die oerwoud hulle verswelg.

* * *

Bo in die top van een van die hoogste oerwoudreuse wat Bobombo se statjie omsoom, sit die Swart Luiperd verskuil agter die digte lower van die boomtakke. Terwyl hy die luiperdmasker op sy kop regskuif, verskyn 'n diep frons tussen sy oë.

Veral twee dinge hinder hom: eerstens moes hy sonder sy twee mak staatmaker-tiers Simson en Spikkels, hierheen kom omdat dit beslis onveilige wêreld vir hulle is - volgens die inligting wat hy gekry het van die Belgiese distrikskommissaris in Leopaldstad.

In die tweede plek ken hy hierdie soort oerwoud nie daar dit hemelsbreed verskil van al die oerwoude waarin hy nog ooit beweeg het of op jag na onrusstokers en wilduitroeiers gegaan het. Hy het al deur stroke nat oerwoud getrek - nat weens donderstorms of ewigdurende reënbuie - maar hierdie groen oerwêreld waarin hy hom nou bevind, derduisende voet bokant seespieël, is nie alleen nat nie, dit is klewend, ja druipend nat omdat skynbaar ewigdurende misneuwels die hele wêreld bedek en deurweek. Hy





wonder, so terloops hoe die eintlike Misberg daar sal uitsien as dit hier aan die voet van die berg al só lyk.

Hy bevind hom feitlik op die ewenaar maar danksy die hoogte, is dit hier, in plaas van die gewone versengende hitte, een reuse stoombad. Hierdie opstomende oerwoudhitte is eintlik die hoofoorsaak van die digte misnewels wat klamklouend alles deurweek en alles op 'n kort afstand onsigbaar gemaak het.

Hy kan persoonlik nog nie juis veel geloof heg aan die bestaan van die primitiewe gorillamanne en hul hiënas nie, maar afgesien daarvan dal hy al lankal geleer het om hom oor niks in die oerwoud te verbaas nie, bly die blote feit dat die Belgiese owerheid in Leopoldstad hom deur middel van die Unie-regering in Pretoria op sy Hoëveldse plaas om hulp genader het vir hom besonder veelseggend.

Kommissaris Abbreul, in Leopoldstad, kom hom slegs 'n baie vae beskrywing van die gorillamanne gee, maar die einde van die sendeling dr. Gille en die verdwyning van sy vrou en dogter het hy realisties genoeg beskryf, danksy eerstehandse inligting wat hy van Bombombo langs vele omweë en na verloop van sowat twee weke ontvang het.

"Al raad wat ek kan gee, mnr Naude," het Abbreul gesê, "is om Bobombo te besoek en van daar af spoor te sny."

"En hier is ek nou," prewel hy sag, die frons nog op sy voorkop. "Wel, hoe gouer ek kaptein Bombombo besoek, hoe gouer sal ek weet hoe die wind waai."

Hy swaai eers die koker met gifpyle na vore om hulle finaal na te sien. Hy betas die boog wat om sy lyf hang versigtig en met 'n kennershand, en nadat hy die skerp jagmes in die skede aan sy sy vlugtig nagesien het, vat hy een van die talle klewerige nat lianas in sy twee gespierde hande vas en met 'n sierlike boog trek hy grondwaarts.

Toe hy grondvat, staan hy effens wydsbeen, hande in die sye, oë en ore gespits op die geringste onnatuurlike geluidjie in sy onmiddelike nabyheid.

Tussen hom en Bobombo se statjie is 'n smal plaat olifantsgras. Sonder versuim kry hy koers deur die gras totdat hy eindelik die laaste grasse voor hom opsy stoot en 'n onbelemmerde uitsig op die stat het.

Hoewel hy geen swarte gewaar nie, is die skerp statreuk onmis-

kenbaar. Die strooise lyk verlate - hy sien nêrens 'n man, vrou of kind nie en - en dit tref hom dadelik - ook geen teken van 'n enkele hond nie. 'n Stat sonder honde is selfs vir hierdie ervare oerwoudman iets haas onbekend. Hy dink aan Abbeul se woorde en begin skielik te glo aan die hiënas, indien dan nie aan die gorillamanne nie.

"Jy sal in daardie woeste wêreld geen tier, leeu of selfs hond aantref nie," het die kommissaris gesê. "Die hiënas is verskriklike goed en verslind alles wat hulle teëkom. Selfs 'n leeu kan dit nie hou teen 'n gesamentlike aanval van dié dierasies nie."

Destyds het die Luiperdman lus gevoel om te lag vir die wilde bewering van die Belg, maar nou lyk dit vir hom glad nie meer so snaaks nie. Om die waarheid te sê, die atmosfeer van die Misberge het hom reeds aangetas sodat hy bereid is om niks meer eienaardig of ongelooflik te vind nie.

'n Goeie tien minute lank staan die Luiperdman hier voor tussen die gras die lewelose stat en betrag. Toe kom hy skielik orent, en met lang hale en ligte tred, hardloop hy die sowat 100 tree na die naaste strooise.

Hy steek agter die eerste die beste stroois vas om te luister. Geen geluid wat die aanwesigheid van 'n enkele mens verraai tref sy gevoelige ore nie.

Hy buk laag en wip by die eerste stroois in.

Hy frons diep.

'n Swart pot halfvol pap wat nog lou is, staan in die middel van die strooois terwyl 'n paar gebreide bokvelle in die hoek aandui waar die eienaar nog vannag geslaap het. Selfs die eienaar se reuk hang nog in die bedompige strooois.

Hy buk en glip by die opening uit na buite om koers te kry tussen die rye strooise deur na die middel van die statjie waar 'n groot ovaalvormige strooois staan - klaarblyklik die tuiste van die kaptein. Toe hy om die derde strooois kom, trap hy amper op die verskeurde lyk van 'n naturel. Hy steek vas en kyk rond. Oral sien hy verskeurde naturelle lê. Die feit dat die lyke min of meer op 'n streep lê, dui vir die Luiperdman aan dat die inwoners aan die vlug was toe hulle ingehaal en gedood is.

Hy wonder hoeveel ontkom het. Snaaks dat hy geen lyk van 'n ander stamlid gewaar nie. Sou Bobombo se mense dan sulke lafaarde wees dat hulle geen weerstand gebied het nie?





Hy buk langs 'n lyk wat tussen die twee strooise lê en betrag die toneeltjie aandagtig. Die wyse waarop die lyk toegetakel is, laat by die Luiperdman geen twyfel dat dit 'n wilde dier se werk is nie, maar watter soort dier vang 'n slagoffer, en dit nogal 'n mens, en laat hom net so lê sonder om aan die lyk te vreet?

En toe skielik sien hy 'n tamaai groot spoor langs die lyk. Sy kennersblik vertel hom dadelik dat dit 'n hiëna se spoor is, maar die groote daarvan laat hom nog twyfel. Miskien is dit twee spore opgemaak, dink hy, en hy staan op op na nog spore te soek.

Hy loop spoedig verskeie ander spore raak, maar almal is vir die Swart Luiperd van ongehoorde grootte.

"Dit moet dan tog waar wees," mompel hy. "Dis die hiënas van die gorillamanne wat hierdie verwoesting gesaai het."

Hy volg die streep lyke tot anderkant die statjie en tot byna by die eerste oerwoudbome. Dan steek hy vas. Hy voel ineens onsigbare oë op hom uit die rigting van die oerwoud hier voor hom. Dit maak hom kriewelrig maar dit stel hom ook op sy hoede. Dit kan óf Bobombo se mense óf gorillamanne wees.

Hy aarsel slegs 'n oomblik en toe maak hy albei sy hande voor sy mond bak en skreeu uit volle bors. "Bobombo! Dis ek, die Luiperdman. Ek het gekom om te help. Kom uit die bosse uit!" Toe draai hy ongeërg sy rug op die oerwoud en stap stadig terug in die rigting van Bobombo se groot strooois.

"Gees van die Woud, Vader van die Wolke, Bobombo hoor jou. Bobombo kom!" Die stem klink gespanne, ja selfs effens bewerig uit die bosse.

Die Luiperdman steek vas en draai om.

"Ek hoor jou, Bobombo. Kom met jou mense na my toe."

Die volgende oomblik verskyn 'n klomp barbare soos bobbejane tussen die kreupelhout uit met een groot gespiere swarte aan die voorpunt. Agter hom kom 'n aantal met assegaaie gewapende mans en agter hulle 'n klomp vroue met kleintjies van alle ouderdomme -vanaf 'n paar maande tot veertien, vyftien jaar.

Bobombo loop al stadiger hoe nader hy aan die Luiperdman kom. Toe hy sowat tien treë van hom af is, val hy plat op die grond en sê hygende: "Magtige Jagter van ver, Beskermer van Swakkes, wees ons genadig."

Almal volg hul kaptein se voorbeeld en val op hul gesigte op die grond neer.

"Staan op, Kinders van Bobombo," gelas die Luiperdman. "Ek wil praat." Hy stap tot voor die kaptein se stroois waar hy bly staan totdat die hele stam om hom vergader is.

"Ek sien die hiënas was hier, Bobombo. My ore is oop," nooi hy die kaptein uit om te praat.

Toe bars 'n storm van brabbeltaal los, so erg dat hoor en sien vergaan, maar nadat 'n paar mans die vroue en kleingoed met die platkant van hul assegaailemme verwilder het, begin Bobombo praat, hoe later hoe vinniger, sodat die Swart Luiperd dit eintlik moeilik vind om by te bly.

Sy relaas kom daarop neer dat 'n trop hiënas, die honde van die gorillamanne kort tevore die statjie omsingel het, op bevel van die gorillamanne, en die inwoners toe bestorm het. Die gorillamanne self het nooit hul verskyning gemaak nie, het Bobombo bygevoeg. Sy rede is met luide byvalsbetuiging deur die res gesteun.

"Waarom bly julle dan hier as die gorillamanne julle so pla?" stel die Luiperdman sy eerste vraag.

"Hulle het ons nooit gehinder nie," kom die antwoord. "Ons kan hierdie ding nie begryp nie, Vader van Wyses," antwoord Bobombo.

"Het hulle van jou mense ontvoer?"

"Nee, nie een nie.'

"Het een van julle al 'n gorillaman gesien?"

"Nee, Arend van die Woud. Niemand sien hulle ooit nie. En die een wat 'n gorillaman sien, sterf op die plek,' kom dit plegtig agterna.

"Die Groot wit Koning vertel my dat hulle ook 'n witman doodgemaak en sy vrou en dogter weggeneem het, Bobombo."

"Dis so, Magtige Vlieënde Heerser van die Nag. Dit het amper 'n maan gelede gebeur."

"Dan is die spoor al baie koud," sê die Luiperdman meer vir homself as vir die toehoorders.

"Oog wat alles sien, jy sal hulle kry," kom dit met kinderlike vertroue van Bobombo - 'n stelling wat deur die ander soos uit een mond beaam word.

"Is daar 'n pad na die Berg van Mis?" Die Luiperdman besef dat hy nou soveel gegewens het as wat hy ooit kan hoop om te kry. Verdere uitvraery sal net bygeloof of stories ontlok.

"Daar is baie paaie en ook geen pad nie," kom die antwoord, waarvan die Luiperdman aflei dat die oerwoud vir die gorillamanne - as hulle werklik bestaan - soos 'n oop boek is, terwyl dit vir hul vyand duistere onbegaanbare terrein is.

"Waar hulle en die hiënas kan gaan, Bobombo, daar gaan ek. Ek groet julle. Ek kom weer," en voordat die verbaasde skare nog besef wat gaande is, skiet die Luiperdman soos 'n gespanne staalveer oor die aarde om met 'n laaste wuif van sy hand, al hardlopende tussen die lang gras aan die kant van die woud te verdwyn.

Die Luiperdman is geen vyf treë die woud in nie, of hy steek vas. Hy het al digte kreupelhout gesien, maar iets soos hierdie het hy nog nooit in sy lewensdag aanskou nie. Dit is nie net 'n digte deureengestengelde boskasie nie, maar eenvoudig 'n aanmekaargekoekte donkergroen rankgordyn, deurweef met 'n rankende soort klimop met venynige klein weerhaakdorings daaraan.

Daar is ook geen enkele dierepaadjie te sien waarvan hy gebruik kan maak nie. Hoe daardie hiënas om van hul gorilla-base nie eens te praat nie, deur so 'n groen versperring kan dring, gaan sy verstand te bowe.

Hy kyk na die bome met hul druipende nat stamme en takke, versier met tamaai ranktoue wat soos spookarms deurmekaar gevleg na benede hang en besef dat hoewel daar klimplek genoeg is, die digtheid van die toue sy gang eerder gaan bemoeilik as iets anders.

Hy haal sy boog van sy lyf af en 'n gifpyl uit sy koker om te kyk of hy darem genoeg beweegruimte in hierdie verstikkende, stomende skemeragtige omgewing het om sy wapens te gebruik indien gevaar dreig. Hy kan die peil en boog hanteer, maar ook maar net.

'n Oomblik staan hy roerloos met die gespanne boog en hy wil net sy wapens bêre, toe die skynbaar soliede groen muur hier vlakby sy voete oopgaan en 'n tamaai hiënakop uit 'n donker tonnel te voorskyn kom. Die dier se oë skitter onheilspellend groengeel in sy massiewe kop, maar dis duidelik dat hy die roerlose figuur hier voor hom nog nie gewaar het nie, want hy kom ewe kordaat tevoorskyn terwyl hy 'n sagte knorgeluid maak, skynbaar vir 'n maat of maters agter hom.

Die Luiperdman aarsel geen oomblik nie. Met 'n ligte "pieng" skiet die gifpyl uit die boog en tref die onooglike dier reg tussen die